View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# Die noodsaaklikheid van 'n veelsydige persoonlikheidsontwikkeling en in watter mate die lees van keurleesstof daartoe kan bydra

Dit is vleiend om te verneem dat u of 'n bekende oor 'n sterk en innemende persoonlikheid beskik. In die meeste gevalle voel u aan wat daarmee bedoel word en dit prikkel u trots. Dit streel u Ego. Diep-in is u van die waarheid van die bewering oortuig, al is u taamlik onbewus van wat alles tot u persoonlikheidsvorming bygedra het. So 'n opmerking laat u vir die eerste maal ervaar watter invloed u op u medemens uitoefen en die krag wat van u uitstraal. U het u medemens sodanig beïndruk dat hy nie kon nalaat om die nawerking van u persoonlikheid op hom kenbaar te maak nie.

Wat is dit nou presies wat hom beïndruk het? U oë, gestalte, gelaatstrekke, gesonde liggaamsbou, glimlag, menslikheid, vriendelikheid, belangstelling, geleerdheid, verstandigheid, kennis? Wat is dit? Oor die persoonlikheid van die mens en sy vorming het talle skrywers boekdele gevul, omdat dit een van die interessantste studies omtrent die mens is. Daar is gevolglik meer as een definisie van persoonlikheid gegee.

Skrywers beweer dat die persoonlikheid filosofies, fisiologies, psigologies, sosiologies en psigiatries benader kan word. Die filosofiese kom hierop neer dat die mens subjektief ervaar dat hy homself van ander voorwerpe kan onderskei; fisiologies: die klemlegging op die menslike organisme, sy besondere fisiese eienskappe in vergelyking met die van iemand anders; psigologies: die mens gesien as iemand in wie daar 'n duidelike interaksie te sien is tussen die fisiologiese en die psigologiese en om die twee stelsels in hom te kan onderskei; sosiologie: die totaliteit van daardie aspekte van gedrag wat betekenis aan 'n individu binne sosiale gemeenskappe gee en hom van ander individue op grond van verskillende kultuurpatrone kan onderskei; psigiatries: die persoonlikheid gesien as 'n taamlik stabiele, onveranderlike wese wanneer dit op inwerkende prikkels neerkom.

Ander skrywers het persoonlikhede probeer indeel volgens hulle verskillende ervaringsagtergrond: bv. die landelike en die stedelike tipes. 'n Derde groep het 'n funksionele indeling gemaak: die denkers, die emosionele mense, die sensasioneles en die intuïtiewes; die rasioneles en nie-rasioneles, die introverte en ekstroverte.

Sommige mense beskou persoonlikheid as bloot fisies: die wyse waarop geloop en gepraat word; die gesigsuitdrukking, die kleredrag. Vir die medikus beteken dit fisiese weerstand, chemiese werkinge in die liggaam en temperament; vir die onderwyser beteken dit natuurlik intelligensie en gesindheid; vir die sielkundige is dit karaktereienskappe, gewoontes, gesindhede en vermoëns. Ander beskou dit weer as aggressiwiteit, sosiale aanpasbaarheid en menslike gedrag.

Newton en Nicholls beskrywe persoonlikheid as die mate waartoe die individu sekere gewoontes en tegnieke ontwikkel het en wat ander mense interesseer en dien. Sommige mense ontwikkel dus hierdie eienskappe, terwyl ander dit weer nalaat. Persoonlikheid word deur hulle teen 'n sosiale agtergrond gesien.

Dit kom dus daarop neer dat persoonlikheid nie alleen iets is wat ons besit nie, maar wat as gevolg van sekere omgewingsprikkels ontwikkel het. Naas wat ons in hierdie verband besit en verwerf het, is daar nog die mening van ander omtrent ons persoonlikheid.

Om persoonlikheid te beskrywe is nie so eenvoudig nie. Alles wat sover daaromtrent gesê is, word daaronder inbegryp. Dit is iets gekompliseerds. Dit is die resultaat van baie faktore. Vir ons doeleindes moet ons dit sien as 'n onverbreekbare, allesinsluitende eenheid, nl. die menslike organisme in al sy openbaringe, uiterlik en innerlik, in woord, skrif, beeld, gedrag, liggaamshouding en gesigsuitdrukkings; alles wat hy van sy ouers en voorouers geërf het ten opsigte van talente en inherente eienskappe en die interaksie daarvan en omgewingsfaktore. Dit word gevorm deur fisiese, geestelike en emosionele groeiprosesse. Die fisiese is opvallend: deur middel van liggaamlike versorging — voedsel, lug en oefeninge — groei die mens. Die geestelike groei word deur opvoedkundige toetse vasgestel, terwyl die meting van die emosionele groeiprosesse omtrent links laat lê is.

Sonder die bewuste inwerking van fisiese en geestelike en emosionele prikkels kan die persoonlikheid van die mens nie groei en tot volwaardigheid ontwikkel nie. Dit is daarom dat die kleine in 'n omgewing of milieu geplaas word wat bestaan uit mense, dinge, diere, met hulle groot verskeidenhede en verhoudinge en funksies. Alles waarmee die kleine in aanraking kom of gebring word, met die taal as geleidingsmiddel en die middel wat vir hom die doel en funksie van alles verklaar, werk ten goede of ten kwade op sy persoonlikheid in en stuur die ontwikkeling in 'n sekere rigting. Dit is duidelik dat die omgewingsprikkels van die oorgeërfde talente van die kleine gebruik maak om hulle doeltreffend te kan ontwikkel, sodat die mens vir hom 'n heenkome kan vind en gelukkig kan lewe.

U merk dus op dat die persoonlikheid van die mens gevorm en ontwikkel word deur mense wat oor sekere kennis, behendighede en tegnieke beskik waarby die taal nooit uitgesluit kan word nie; in verband daarmee word ook gebruik gemaak van voorwerpe — dink maar aan alles wat in die skole gebruik word om die kind met die wêreld vertroud te maak. Saam daarmee word elke mensie 'n sekere taal aangeleer, omdat die taal 'n werktuig is: dit verklaar mense en dinge se eienskappe; daarmee beheers 'n mens sy gedagtes en sy gevoelens; daarmee maak hy sy wense en begeertes kenbaar; daarmee tree hy met sy medemens en met sy God in verbinding.

Om die persoonlikheid van die mens dus veelsydig te kan ontwikkel, moet hy van kleinsaf in aanraking gebring word met soveel mense, sake, dinge, begrippe en aktiwiteite, as wat maar moontlik is. Sy talente moet tuis, op skool, in die werkwinkels, in die universiteit, op die sportterreine, deur middel van boeke en alle ander hulpmiddels, soos die radio, televisie, drama en toneel. ens., ontwikkel word. Om te kan kom tot die vleiendheid omtrent u mooi persoonlikheid, is 'n lang en 'n veelkleurige pad waarop talle sake u ten goede beïnvloed en laat groei het. Deur al die jare heen het u persoonlikheidsgroei nooit stilgestaan nie. Dit is nie onderbreek nie. U het opgegroei in 'n sekere huis waar u ouers u sekere sake onderrig het. U het daarbuite met die skool en die kerk kennis gemaak. U moes moontlik uit u omgewing weggaan om 'n meer afgeleë skool by te woon. Waar u ook al beweeg het, het u met mense kennis gemaak. Dit alles het meegehelp dat u u sosiaal makliker leer aanpas het. Vir u persoonlikheidsontwikkeling is die in- en aanpassing by mense in verskillende omgewings van groot belang.

Volgens 'n sekere groep geleerdes het elke omgewing waarin u opgegroei en waarby u u moes in- en aanpas 'n besondere kultuurpatroon. Hierdie kultuurpatrone het so 'n invloed op u persoonlikheid dat gesê kan word watter een die sterkste een was. Daar was 'n tyd in ons volksontwikkeling toe die landelike kultuurpatroon so sterk ingewerk het dat die meeste plaasseuns net soos hulle boerende ouers boere geword het. Die kind het die loopbaan van die ouer gevolg. Dit gebeur nog in 'n groot mate vandag. Die skoolinvloed en verskillende ander kultuurpatrone wat deesdae op kinders inwerk, soos die stadskultuur met sy groot uiteenlopendheid en kontakpunte, bring mee dat die persoonlikhede van kinders dinamies ontwikkel en hulle in staat stel om veel makliker by nuwe omgewings in- en aan te pas as waartoe die statiese landelike kultuurpatroon hulle in staat gestel het.

Na aanleiding van hierdie kultuurpatroongedagte is dit ewe waar dat kinders wat opgroei in huise waar goeie leesstof voorhande is, waar die goeie boek 'n rol speel, liefde daarvoor ontwikkel. Hulle gees word ingestel op 'n kultuurpatroon wat voedsel vir hulle gees verskaf. Waar

die goeie boek afwesig is, ondervind die skool later probleme om die persoonlikhede van sodanige kinders wat daarsonder moes opgroei en wel in hulle gevoelige lewensperiode, op die goeie boek of op keurleesstof gerig te kry.

In die huis waar letterkunde, m.a.w. keurleesstof, vir die opgroeiende kind voorgehou word, ontwikkel die kinders se persoonlikhede op 'n besondere wyse. As gevolg daarvan weet hulle van talle meer dinge as ander kinders wat daarsonder moet opgroei. Hulle kan menings wissel oor ervarings van karakters soos hulle dit byvoorbeeld in die goeie roman ondervind het.

Daarmee is die geleentheid geskep om oor sake te gesels wat buite die onmiddellike omgewing val, sodat die gees daar bokant kan uitstyg en nuwe horisonte betree.

In die huis waar net geëet, gedrink, geslaap en gewerk word, groei die persoonlikheid veral materieel. Dit is aan die basiese behoeftes van die lewe gebonde. Die gees rig hom slegs op die liggaamlike voortbestaan. Hierdie aktiwiteite prikkel eintlik net die laere in die persoonlikheid, met die gevolg dat die opgroeiende kinders daar in hulle weetgierigheid gouer afgestomp raak. Die omvang van die prikkels is te gering.

'n Breër kultuurpatroon as die hoofsaaklik liggaamlike is nodig. 'n Mens se doel op aarde is om te bestaan. Dit beteken hy het voedsel, kleding en 'n onderdak nodig. Dis sy materiële bestaan. Sy arbeidsprestasies maak dit moontlik. Vir sy werk het hy opleiding nodig. Dit word op skool verkry en in die praktyk van die lewe. Die materiële bestaan is die onmiddellike doel van die mens. Die meeste beskawings van die wêreld stuur op hierdie doel af: die onmiddellike. Laat ons eet en drink want môre sterwe ons. Wat meer wil bv. die Eskimo's hê as voedsel, kleding en beskutting? In so 'n materiële bestaan, word die persoonlikheidsontwikkeling hoofsaaklik op die konkrete ingerig. Dit is noodsaaklik, maar hoogs eensydig. Kyk maar rondom om u: u sal heel gou kan vasstel hoeveel mense se persoonlikhede verstar raak in die verkryging van alles wat op die liggaam se voortbestaan betrekking het.

Naas sy liggaam het die mens ook 'n siel, d.w.s. 'n geestelike bestaan. Daarvoor is nodig dat hy 'n kultuurpatroon sal adem wat vir verwyderde doeleindes ook voorsiening maak. Die mens moet ook vir sy siel se voortbestaan sorg. vir sy denke, vir geestelike kontakte. Verwyderde doeleindes word deur rasionalisasie verkry, d.w.s. deur die ontwikkeling van die intelligensie waardeur die mens weet om sy omgewing te beheers en waarmee hy tot die bestaan bokant die liggaamlike kan uitstyg. In elke land van die wêreld moet elke persoonlikheid onderrig word om vir sy onmiddellike voortbestaan te werk. Maar dit is ewe noodsaaklik dat die oë weg van die tiranniese materiële gerig moet word op die

bevrediging van die meer subtiele hunkerings van die gees. Die gees van die mens is bedoel om die materiële te beheers, maar veral om daar bokant uit te styg. Ervarings op die hoër denkvlakke wat die siel lei na waters waar rus is, tevredenheid en stilte. Aan die ander kant kan dit hom ook dwing tot uitinge in woord, skrif en beeld, om sodoende sy persoonlikheid ewewigtig te maak.

'n Mens wat bevrediging vir sy siel in die verwyderde dinge vind, in die ervaringe wat buite die liggaam om plaasvind, word ongeduldig teenoor die afremmende, harde materiële bestaanstryd wat geen bevrediging in homself verskaf nie. Die Mammonaanbidder onderdruk ander nie alleen liggaamlik nie, maar ook geestelik. Sy doel is om homself te verryk ten koste van 'n swakkere, 'n bedelaar om 'n stukkie daelikse brood.

Met die oog op die veelsydige persoonlikheidsontwikkeling moet die materiële bestaan en doeleindes die grondslag vorm vir die verwyderde doeleindes. Dis ook die Christelike weg. Christus het eers die honger duisende gevoed voordat Hy met hulle gespreek het oor die verwyderde: die koninkryk van die hemele, in die hart van die mens en tog bokant die aardse verhewe.

Die materieel-ingestelde persoonlikhede rig hulle arbeid op die voorhande: die versorging van die liggaam. Die geestelikingesteldes neem die liggaam deeglik in ag, maar beskou die nie-ekonomiese, die nienuttige as van oneindig veel meer waarde, omdat hy hom daarmee sosiaal, religieus, wetenskaplik en esteties vergoed.

In hierdie vergoedingsproses op die hoër lewensvlakke speel keurleesstof 'n uiters belangrike rol in die ontwikkeling van die persoonlikheid. Keurleesstof bevat wat goed, skoon en edel is in die kultuur van elke volk. Dit verskaf insig in wat 'n volk op sekere tydstippe gedink, gevoel en begeer het. Dit gee ook toekomsblikke: daardie sake waarna 'n volk in sy ontwikkeling moet strewe. Sodanige ideale kan alleen dan verwesenlik word wanneer elke persoonlikheid daartoe geaktiveer word, sodat die ideale in elke kind, jongmens en volwassene se hart voortlewe.

Wil u 'n deelgenoot word van wat skoon en goed en waar in u volk se kultuur is, moet u as eerste vereiste stel 'n goeie leestegniek. Daarby moet u liefde vir die goeie boek en die goeie tydskrif besit. Die goeie boek en tydskrif bevat verhewe menslike ervaringe. Dit sluit nie alleen boeke en tydskrifte in oor die letterkunde nie, maar ook oor die geskiedenis en die stryd van u volk op alle lewensterreine, ook op u beroepsterrein. Letterkundige boeke en tydskrifte gee uiting aan individuele menslike ervaringe. Dit word aan die leser oorgelaat om dit te interpreteer en die nodige afleidinge te maak. Die kern is natuurlik om die betekenis van sodanige ervaringe te begryp.

Keurleesstof doen 'n beroep op u intellek, u verstandelike ervaring en ontwikkeling, op u emosionele ervaringe en hoe dit beheers kan en behoort te word. Dit laat u verbeeldingskrag nie links nie. Dit vra u om wat gesuggereer is, aan te vul. Dit vereis van u die vermoë om uself in sekere lewensituasies in te kan lewe. Dit vereis van u om tydelik die wrede bestaanstryd te vergeet en geestelik verrein te word. Dit doen 'n beroep op u hele persoonlikheid.

Verhewe leesstof lok sekere reaksies by u uit: dit laat u dink, nadink, oorweeg, besluite neem; dit voer u gespanne emosies in suiwer bane en laat u ontspan. Dit kan natuurlik ook tot hewige emosionele reaksies aanleiding gee, in die gevalle waar u voor die onverbiddelike gestel word: die noodlottige gevolge van die karakters se swakhede; dit kan u bring tot berusting en aanvaarding daarvan, omdat u sekere swakhede in uself ontdek en dit kwalik te bowe kan kom; dit kan u wil tot aksie bring, sodat u nuwe besluite neem waardeur verhewe doeleindes verwesenlik kan word. Dit kan u wegvoer uit u omgewing, sodat u u geheel en al inlewe in 'n nuwe situasie en omgewing en u alle besef van tyd laat verloor. Indien dit met u plaasvind, dan begryp u ten volle en neem in u binneste op die diepste simboliese betekenis van die skrywer se woorde. Daarmee word u persoonlikheid bo die tydelike uit verhef, sodat u ten minste geestelike genot kan smaak en opgaan in die abstrakte aanskouing en belewing.

Om u die volle simboliese betekenis van sy woorde te laat begryp, is 'n tegniek wat die begaafde skrywer van die goeie boek ten volle verstaan. Hy weet presies watter woorde om te gebruik en hoe om hulle te rangskik, sodat hy u as leser se volle persoonlikheidsreaksies kan ontlok: intellektueel, emosioneel en volisioneel.

Taalgebrek, d.w.s. te geringe woordeskat, te weinig taalkennis, 'n beperkte voorraad sinstrukture tot u beskikking, ens., verswak u persoonlikheid op 'n onmiskenbare manier. Die taalgebruik van 'n persoonlikheid kan beslis verbeter word deur middel van keurleesstof wat op skool en veral daarna noukeurig bestudeer moet word. Wanneer die aandag van die leerling bv. gevestig word op die skrywer van keurleesstof se woorden singebruik, sy beelde en vergelykings, sy plastiek, ens., dring die besef stadig deur dat dit noodsaaklik is om self taalopknappingswerk in sy mondelinge en skriftelike taalgebruik te verrig. Dit word op die weg van keurleesstof verkry. Wie word nie meegesleep deur 'n skrywer wie se taal nie alleen klankryk en doeltreffend in die uitbeelding van mense, diere en situasies gebruik word nie, maar wat 'n heerlike ritme openbaar, die ritme van die siel wat deur sekere emosies ontroer is? Sy verhewe gedagtes verryk die persoonlikheid ook op 'n besondere wyse.

Die Woord sê: „Ek word bewoë deur goeie woorde... my pen is die

van 'n vaardige skrywer . . ." Dit is die uitwerking van 'n goeie boek en keurleesstof: dit bring bewoëndheid van gees mee, dit wat so noodsaaklik in 'n harde bestaanstryd is. Dit maak iets binnekant los wat vasgeraak het aan 'n geroetineerde denk- en lewenswyse. Die woorde het aanklank gevind en ontroer. Gedagte en emosie is gepaar. Na die bewoëndheid tree in 'n versterking vir die siel, 'n verstewiging van die gees, 'n besondere verryking van gedagte-inhoud. U persoonlikheidsbenadering van sake en situasies, van mense, diere en dinge, is vernuut. Die ontroering bestaan ook uit nuwe insigte, nuwe visies, nuwe besluite. Wat u nie geweet het nie, weet u nou. Wat u nagelaat het om te doen, sal u nou doen, omdat u vasgestel het dat die uitwerking daarvan tog goed en edel is.

U bewoëndheid van gees bestaan eintlik daarin dat die skrywer u gevul het met gedagtes en emosies wat ontbreek het. Gevolglik is u persoonlikheid in sy toekomstige openbaringe en optrede beter as voorheen. Waarvan u vol is, bespreek u met u medemens. Dit maak weer sy gedagtes gaande, sy tong los. U woorde bring hom tot die lees van die goeie en edele en skone waaroor hy weer verder sal getuig. 'n Nuwe kring van luisteraars en belangstellendes is geskep. Dit bly nie daarby nie. U entoesiasme oor die verhewene bring hulle tot daadkrag, tot profete van die goeie wat gelees is. U verrykte persoonlikheid — die resultaat van die inhoud van keurleesstof — werk dus aansteeklik in op die mense in u klein gemeenskappie. Dit is tog die klein vuurtjie wat die hele bos uiteindelik aan die brand het! Dit geld vir die persoonlikheid en vir die gemeenskap.

Namate ek of u 'n profeet of onderwyser of propageerder word van die goeie, namate ek my mededelinge in goeie taal doen, na daardie mate beskou my vriende my as ontwikkeld, geleerd en interessant. My gesprekstaal dwing eerbied by hulle af. My gedagtes verhef hulle. Hulle skrywe aan my persoonlikheid toe 'n hoë mate van sosiale intelligensie. Op hierdie wyse styg die aansien van my persoonlikheid.

Hierdie aansien blyk ook uit my besondere besef van waardes soos ek dit in die goeie leesstof verkry het. Oor my werk, my besondere beroep, kan ek liries raak. Talle sake wat ek voorheen nie geken het nie, het ek gaan nalees. Ek kan soos 'n gesaghebbende daaroor gesels. Daarmee word my luisteraars beïndruk. Dit is maar een van die talle aspekte van die goeie boek, waaronder ook die boek oor 'n mens se besondere ambag of beroep. Ek het daardie besef ontwikkel dat my ambag of beroep van groot betekenis vir die samelewing is en dat ek my gelukkig kan ag dat ek daardie diens kan verrig.

'n Ander besef wat keurleesstof kan meebring is onderskeiding tussen goed en sleg, hoog en laag, mooi en lelik, verhewe en platvloers, waar en vals, ens. Daarmee word my persoonlikheid gehelp om 'n lewens- en

wêreldfilosofie op te bou. Die bestudering van die uitlewing van sekere karakters soos die ervare goeie skrywer dit sien, laat my besef wat nastrewenswaardig en verwerplik is. Trapsgewyse leer ek om die verskillende ervaringe van karakters te orden, die betekenis daarvan te begryp en van my 'n opmerksame mens te maak, iemand wat nie maklik van sy koers afgebring kan word nie. Ek leef en dink volgens sekere wyses, omdat ek 'n vaste lewenskode het. Hierdie kode is niks anders as my rangorde van waardes nie.

Hierdie waarderangorde word in die taalgebruik van die persoonlikheid weerspieël. Goed bekend is tog die volgende klassiekgeworde woorde: „reading makes the full man, while writing makes the exact man and conversation makes the ready man".

Die lees van wat keurig is, vul en beweeg u innerlik, sodat u maklik aan die gesels kan raak, belangstelling blitsvinnig kan opwek en die alledaagse dinge interessant kan voorstel. U het geleer, u het ervaar dat die lewensbelangrike in die skynbaar nietige geleë is. In enige geselskap het u 'n wêreldburger geword, orals tuis. Omdat u wydbelese is, 'n naarstige soeker na die goeie, wat u orals en ten alle tye vorendag kan haal, en dit daarby in keurige taal kan voorhou, beskik u reeds oor 'n aantreklike persoonlikheid.

U moet onthou dat *wat* u lees vir u persoonlikheidsontwikkeling van die grootste belang is. Snert maak u oppervlakkig. Dit weet u tog. U kan ook nie bekostig om u persoonlikheid eensydiglik met slegs een tipe leesstof op die vlak van die keurige te voed nie. U kan u nie net by een tipe skrywer bepaal nie. Hoe meer boeke u van verskillende skrywers lees, hoe wyer u lewensiening. Die skrywers is tog mense net soos u, maar persone wat weens hulle begaafdhede en vermoëns 'n beeld van die lewe gee soos hulle dit ervaar het. Hulle lewensbeeld omvat verskillende mense uit verskillende lae van die samelewing. Vir u persoonlikheid is dit nodig om al hierdie lewensbenaderings te kan sien, aangesien dit vir u as hoofsaaklik materiële arbeider onmoontlik is om intiem met al hierdie tipes mense te kan verkeer. Die tyd daarvoor ontbreek. Maar nou kan u dit rustig doen en terselfdertyd 'n dinamiese persoonlikheidsontwikkeling ondergaan.

Die goeie boek bring u in aanraking met die basiese werklikhede van liefde, vriendskap, dood, marteling, lyde, vreugde en droefheid, tydelikheid en ewigheid. Dit is die uitwerking wat hierdie ervaringe op mense het, wat vir u van betekenis is en nie die voorvalle self nie. U is geïnteresseerd in die reaksies van mense na aanleiding daarvan. U wil vasstel of dit hulle verryk en verbeter het en uself dienooreenkomstig.

Daar is egter iets anders waarteen u moet waak. U kan dit nie bekostig om net te lees van wat op die ondermaanse van belang is nie, d.w.s.

van u verhouding tot u medemens en die omgewing nie. Dit is ook eensydig. U moet ook die kommunikasie tussen u God en uself bestendig, sodat u veral gevul en beweeg kan word deur gedagtes oor u eindbestemming: u persoonlikheid moet God bo alles liefhê en eer. Naas die gedagtes oor die aardse, moet u met die hemelse gevoed word, soos dit in Gods Woord tot openbaring kom.

Ten einde tot 'n veelsydige ontwikkeling van die persoonlikheid te geraak, is dit vir die twintigste-eeuse seun en dogter, man en vrou meer as ooit nodig om hom of haar met keurleesstof besig te hou. Die moderne, beskaafde gemeenskap stuur af op kunsmatigheid en geïsoleerdheid wat omgewing en sosiale kontakte betref. Die goeie boek is voorwaar geen substituut vir die lewe met mense saam nie, maar in ons stedelik-gemaskerde bestaan maak die goeie boek die lewe meer reëel, die omvang van die mense se krag en vermoëns en die tragiese van die situasie vollediger kenbaar.

Indien u na aanleiding van alles wat u sover gelees het, vasgestel het aan watter talle gebreke u persoonlikheid nog mank gaan, is dit moontlik om kragdadiglik daaraan te bou. Dit kan u doen deur elke dag 'n paar bladsye keurleesstof te lees, soos u dit byvoorbeeld vind in die Bybel; in boeke oor u beroep en aanverwante beroepe; in boeke waarin u vriende belang stel; in boeke oor onderwerpe waarin u behoort belang te stel maar uself nog nie die tyd gegun het om dit wel te doen nie; in keurromans geskrywe deur beroemde skrywers; in tydskrifte soos Panorama, Lantern, Die Huisgenoot, Naweekpos e.a., om die talle Engelse nie te noem nie; in boeke oor die wêreldletterkunde waaruit vertalings reeds in Afrikaans gedoen is; die sewe boekdele: Wêreldletterkunde uitgegee deur die uitgewers van Skatkis, nl. Die Kinder-Kultuurvereniging (Edms.) Beperk. U sal trapsgewyse ervaar dat dit alles u persoonlikheid op 'n weldadige wyse sal versterk, omdat u u in die teenwoordigheid van groot geeste bevind. U sal verder ervaar dat u 'n waardiger, 'n sterker, meer aangepaste, aantrekliker persoonlikheid in u daelikse werk of beroep, in u huislike en groter gemeenskapskring sal openbaar.

Pretoria. J. L. du Plooy.